NG Kerk
Vrystaat

*Erediens*

# Wet

Wil van God

**Adoramus 4/3/18**

# 'N GROTER BELANG AS MY EIE

**Musiek voor 6:** Adagio van Albinoni no 1, 11:31

**Tema:** Ek sien en kies vir iets groter as my eiebelang.

**Ons luister:**

'n Russiese Ons Vader
Laat u Naam geheilig word.
Laat u koninkryk kom.
Laat u wil geskied.

**Votum:** Leer my u wil, Heer, u doel met my

**Ons sing:**

Lied 528:1,2 (woorde van vers 2 soos volg aangepas:)
Leer my u wil, Heer, u plan vir my;
laat ek nie doelloos, nutteloos bly.
Vul met u Gees my, breekbare kruik,
dat U my oral nuttig gebruik.

**Ons luister:**

Die HERE moet ons nie net sy wil leer soos ons gesing het nie, maar Hy moet ons mense maak wat sy wil eerste stel, daarom luister ons:

Doen slegs u wil, Heer, u wil met my,
U, Pottebakker, met my, die klei;
Vorm my en maak my net soos U wil,
Op U slegs wag ek, needrig en stil.

Doen slegs u wil, Heer, u wil met my,
Toets en deursoek my, al moet ek ly!
Witter as sneeu, Heer, was my vandag;
Laag aan u voete wil ek steeds wag.

Doen slegs u wil, Heer, u wil met my,
Tot heel my lewe aan U is gewy.
Maak van my hart, o Heiland, u troon,
Tot elkeen Christus in my sien woon.

**Inleiding:**

Hoekom het Jesus gekom? In 'n groot mate om ons met woord en voorbeeld in 'n bepaalde rigting te roep.

Watter rigting? Is dit 'n bepaalde soort godsdiens of 'n sekere etiese sisteem? Nee, wat Hy aan ons oordra is God se wil. Hy roep ons op om vir God se wil te lewe.

Hy het nie in die eerste plek aarde toe gekom om ons hemel toe te neem nie, maar om die hemel aarde toe te bring. Die model-gebed wat Hy ons leer vra dat God se Naam op aarde geheilig word en dat sy koninkryk aarde toe kom. As ons vra hoe?, staan die antwoord in die volgende bede: laat u wil geskied … op die aarde.

Die bedoeling is nie: Doen maar wat u wil, nie, maar: Maak ons mense wat u wil doen.

Dit behels dat ons basiese benadering tot die lewe is dat ons groter gaan as ons eie klein willetjie, as die klein wêreld van ons eie belang en voordeel. Soms is dit lekker om God se wil te doen. Dan val sy wil en my wil saam. Maar van tyd tot tyd moet ek my eie wil prysgee twv God se wil.

Dit kan met pyn gepaard gaan, soms met uiterste pyn soos ons sal sien as ons lees. Ons tema in hierdie lydenstyd is: Volg Jesus, en hier sien ons 'n helder voorbeeld van wat dit beteken. Oor Homself het Jesus gesê dat Hy moet ly, en daardie moet is ook op ons van toepassing.

Ek kan myself nie 'n mens maak wat God se wil eerste stel nie. Net die HERE kan dit doen.
Ons kan onsself afvra:
Hoe ervaar ek dit dat net God my 'n mens kan maak wat sy wil eerste stel?
Waar in die nabye verlede het ek God se wil al bo my eie gestel?
Waar kan ek in die toekoms God se wil bo my eie stel?

**Skriflesing:**

Mattheus 6:9-10; 26:37-39
(Die model-gebed:)
Laat u Naam geheilig word.
Laat u koninkryk kom.
Laat u wil geskied,
soos in die hemel, so ook op die aarde.

(In Getsemane het Jesus) bedroef en beangs begin word.
Toe sê Hy vir hulle:
"My siel is diep bedroef, tot die dood toe.
Hy het toe 'n endjie verder gegaan
en op sy gesig neergeval, terwyl Hy bid:
"My Vader, as dit moontlik is,
laat hierdie beker by My verbygaan.
Nogtans, nie soos Ek wil nie, maar soos U wil"

**Ons luister:**

Na 'n voorspel met die melodie van Ps 25: Let daarop dat God ons nie net moet wys wat sy wil is, nie net die krag daarvoor moet gee nie, maar ook die lus daarvoor, die hart daartoe geneë.

**Ons sing:**

Ps 25:2 (Totius)

**Skriflesing weer**

**Ons luister:**

Agnus Dei (Jenkins): ons dink aan Jesus wat bereid was om soos 'n lam geslag te word.

Nog 'n klein tydjie – Sheila Cussons
(Vir Sylvia de Wet-Usher)
Sy loop al jare op net genade,
hoe anders vermag haar jare so veel?
Haar lag kom dikwels
en dit is heerlik
omdat sy so bly is en seker en vry;
al blyer
na elke oorgawe aan Hom,
na elke oorgawe transparanter,
tot self en liefde en Christus een is
en drumpel en vlamming van oorgang.

**Stilte:**

Ons kan aan die volgende vrae dink:
Hoe ervaar ek dit dat net God my 'n mens kan maak wat sy wil eerste stel?
Waar in die nabye verlede het ek God se wil al bo my eie gestel?
Waar kan ek in die toekoms God se wil bo my eie stel?

**Instelling van Nagmaal:**

voor ons het ons die waarborg dat God ons sy eie maak, Homself aan ons gee en ons hoe langer hoe meer omvorm na sy smaak.

**Ons nooi mekaar na die Nagmaal:**

Lied 303(herhalend)

**Uitdelling**

**Gebed**

**Ons sing:**

Here, heilige Here (x3) (ek heg dit aan)
HERE, heilige HERE, u weë is hoër as myne.
HERE, heilige HERE, laat u weë ook myne wees.

**Seënbede:**

+ lied 314 (x2)

**Ons luister:**

Mane nobiscum
= Bly by ons, Here Jesus Christus, dws ons vra die HERE om saam met ons te gaan om ons te lei.